SITKAMER-EREDIENS – 2020-03-20

TEMA: NAASTE LIEFDE IN ’N TYD VAN ISOLASIE

STEEK KERS MET MY ’N KERS AAN as ‘n simbool van God se teenwoordigheid en in solidariteit met almal wat siek is en swaarkry.

- **GEBED**
- **BOODSKAP**

Daar is tye en geleenthede in die bediening waarvoor ‘n mens as predikant nie woorde het nie. Tye waar die situasie of saak net so groot is dat jy nie weet wat jy moet óf kan sê nie. Dit is soms vir my so met begrafnisse – in die seer, kwaad, onsekerheid en vrae wat die dood bring voel ek baie male magteloos om iets betekenisvol te sê.

In ‘n sekere sin is waar ek myself hierdie week ook bevind het. Wat sê ‘n mens in hierdie onsekere tyd? In spirituele begeleiding word elke gesprek afgesluit met die vraag: ‘Waarna toe nooi hierdie situasie waarin jy jouself bevind jou?’ En ‘Waarna toe nooi die Here jou in hierdie bepaalde situasie?’

Ek kon nie help om hierdie week vir myself hierdie vraag te vra nie. Waarna toe nooi die situasie waarin ons gedompel is vir jou en my? Waarna toe nooi hierdie onbekende wêreld vir ons? Wat vra die Here van ons in hierdie tyd? Die antwoord op hierdie vraag sal dalk vir elkeen van ons so ‘n bietjie anders wees. Die teks wat ek vanoggend met jou wil deel help my dink oor hierdie vrae. Ons lees saam uit Markus 12. Ons gaan lees van vers 29 tot 31 as jy dit nou saam met my wil opsoek.

LEES MARKUS 12:29-31

Wanneer ‘n skrifgeleerde vir Jesus vra wat is die grootste gebod is sy antwoord natuurlik om die *Shema* aan te haal. Die *Shema* is die woorde wat elke Joodse kind in sy ouerhuis geleer het – ‘**Luister Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand met al jou krag.’** Maar Jesus voeg iets by die *Shema* – **‘jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’**

Jesus neem die belangrikste gebod en trek hom weier - nie net moet ons vir God lief hê met alles wat ons is nie, maar ook ons naaste liefhê soos onsself.

In die boek ***What would Jesus deconstruct***, skryf John Caputo dat om ander lief te hê mag dalk ‘n bietjie anders wees as wat ons gedink het of selfs mee gemaklik is. Dat ons naaste nie noodwendig net die mense is wat dieselfde as ons dink, voel, lyk of selfs ruik nie. Dat dit nie noodwendig net die mense is waarmee ons gemaklik is of van hou nie. Dit beteken dat ons idee van van liefde dalk moet verander of verruim word.

Wat sou Jesus se opdrag, om ons naaste lief te hê soos onsself, in die lig van die Covid 19 pandemie beteken?

Daar is ‘n woord wat my hierdie hele week nie wou los nie – die woord *UBUNTU*. Dat ons **mens is deur ander mense**. Dat ‘n gemeenskap op sy heel beste is wanneer ons vanuit ons **verbintenis, ons ‘inter-connectedness’** leef.

Aartsbiskop Desmond Tutu skryf: ***"A person with ubuntu is open and available to others, affirming of others, does not feel threatened that others are able and good, for he or she has a proper self-assurance that comes from knowing that he or she belongs in a greater whole and is diminished when others are humiliated or diminished, when others are tortured or oppressed."***

Ubuntu leer ons dat ons mekaar nodig het. Dat ons as individue ook deel is van 'n groter geheel…'n groter liggaam. En hierdie liggaam waarvan ons deel is – is nou siek.

Ek het begin deur te vra – waarna toe nooi hierdie pandemie ons? In die lig van die grootste gebod - tot ***radikale naaste liefde***. Tot ***ubuntu.*** Miskien tot die herontdekking wat van dit beteken om my naaste lief te hê en om vanuit ubuntu te leef.

Wat sou naaste liefde wees in die volgende paar weke? Hoe sal dit lyk? Martin Luther se woorde tydens die Swart plaag in die 1600's help my:

"I shall ask God mercifully to protect us. Then I shall fumigate, help purify the air, administer medicine and take it. I shall avoid places and persons where my presence is not needed in order not to become contaminated and thus perchance inflict and pollute others and so cause their death as a result of my negligence. If God should wish to take me, he will surely find me and I have done what he has expected of me and so I am not responsible for either my own death or the death of others. If my neighbour needs me however I shall not avoid place or person but will go freely as stated above."

Om my naaste lief te hê, radikaal lief te hê is om my eie behoefte om iets lekkers te gaan doen of iewers heen te gaan tersyde te stel, omdat ek nie my naaste in gevaar wil stel nie sou ek dalk die virus onwetend opgedoen het. Om te kies om myself soveel moontlik van ander te isoleer. Om sag met myself en ander te werk. Om my werkers genoeg lief te hê om hulle werk te doen namens hulle sodat hulle ook tuis kan bly - en hulle daarvoor te betaal.

En dan as my naaste hulp nodig het wat ek kan gee, om dit te doen. Om vir die weerloses in ons gemeenskap te versorg soos en hoe hulle dit nodig het. Om te hoor hoe dit met jou bure gaan. Bejaardes wat alleen woon te help. Om klein en plaaslike besighede te ondersteun. En om nie produkte te koop wat jy nie nodig het nie.

<u>Dit is nou meer as ooit tyd om kerk te leef.</u>
Een manier waarop jy in die tyd ’n verskil kan maak is deur melk of seep te skenk. Van ons uitreikvenote, o.a. Jakaranda kinderhuis, sukkel om melk in die hande te kry. Bethesda drop-inn centre benodig seep en handskoene. Deponeer by die kerk.

Onthou asseblief ook om steeds jou dankoffer en kollekte te gee.
Die bediening gaan voort en ons het dit nou meer as ooit nodig.

Dink saam:
Maak nou ‘n koppie koffie en dink na, of as jy saam met jou gesin is gesels saam, oor hoe jy of julle in julle konteks naaste liefde en ubuntu kan leef in die volgende paar weke?

Ek sluit af met ‘n Fransikaanse seën

Here, maak my 'n instrument van U vrede. Waar daar haat is, laat my liefde saai; waar daar onreg is, vergifnis; waar daar twyfel is, geloof; waar daar wanhoop is, hoop; waar daar duisternis is, lig; waar daar droefheid is, vreugde.

O, Goddelike Meester, gee dat ek nie soseer sal soek om getroos te word nie as om te troos; om verstaan te word nie as om te verstaan; om bemin te word nie as om lief te hê. Amen.

Mooi loop. Gesond bly. Tot volgende week.